crop estimates committee
oesskattingskomitee

agriculture, forestry & fisheries
Department: Agriculture, Forestry and Fisheries
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Crop Estimates Committee
Oesskattingskomitee

**SOJAWERKGROEPVERGADERING – 2 FEBRUARIE 2017**

## 1. OESSKATTING

**SOJABONE: 2017** (2016/17 produksie-seisoen)

Volgens die voorlopige oppervlakteskatting vir 2017, beloop die oppervlakte beplant met sojabone 542 200 ha, wat 7,84% of 39 400 ha hoër is as gedurende 2016.


**Tabel 1: OPPERVLAKTESKATTING vir 2016 en 2017**

| **Provinsie** | **Oppervlakte beplant** | | **Verskil** | Produksie Finale skatting |
|---|---|---|---|---|
| | **2017** | 2016 | 2017 vs 2016 | 2016 |
| | Ha | | | ton |
| Wes-Kaap | **700** | 800 | -100 | 1 200 |
| Noord-Kaap | **3 000** | 4 000 | -1 000 | 13 600 |
| Vrystaat | **210 000** | 174 000 | +36 000 | 147 900 |
| Oos-Kaap | **1 500** | 1 500 | - | 2 100 |
| KZN | **30 000** | 28 000 | +2 000 | 65 800 |
| Mpumalanga | **245 000** | 240 000 | +5 000 | 408 000 |
| Limpopo | **8 500** | 16 000 | -7 500 | 38 400 |
| Gauteng | **23 500** | 23 000 | +500 | 50 600 |
| Noordwes | **20 000** | 15 500 | +4 500 | 13 950 |
| Totaal | **542 200** | 502 800 | +39 400 | 741 550 |

Volgens aanduidings gaan die meeste sojabone gedurende 2017 in Mpumalanga (45%) geplant word, gevolg deur die Vrystaat met (39%). Gesamentlik verteenwoordig hierdie aanplantings vir Mpumalanga en Vrystaat provinsies 84% van die totale sojaboonaanplantings.


Die grootste toename in sojaboonaanplantings teenoor die vorige seisoen het in die Vrystaat plaasgevind, nl. 36 000 ha meer, gevolg deur Mpumalanga met 5 000 ha meer. Limpopo provinsie het 'n afname getoon van 7 500 ha teenoor die vorige seisoen.


**Grafiek 1: OPPERVLAKTESKATTING sedert 2007 tot 2017 in vergelyking met 'n 5-jaar- en 10-jaar-gemiddelde oppervlakte beplant**






Die voorlopige oppervlakteskatting vir 2017 is 1,10% of 5 900 ha hoër as die 5-jaar-gemiddelde oppervlakte geplant van 536 300 ha en 35,65% of 142 490 ha hoër as die 10-jaar-gemiddelde oppervlakte geplant van 399 710 ha.


Grafieke 2: OPPERVLAKTESKATTING vanaf 1988 tot 2017 per provinsie








Grafieke 3: Verhouding van OPPERVLAKTESKATTING van mielies, sonneblomsaad en sojabone, per provinsie, vir 2016 en 2017

